# 'N LEWE VAN SEËN

# Deel 6 – 'n Hart wat God Sien

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat dink jy van die stelling*: "Dit is nie altyd die lewe wat ons moeg maak nie, maar die manier hoe ons die lewe doen wat ons moeg maak"*?**

**Hoekom dink jy gebeur dit dat mense deesdae baie keer geskok is as iemand met integriteit optree? Dink jy dit moet so wees? Verduidelik.**

**Hoe maklik dink jy is dit om die wil van God te weet in 'n situasie? Hoekom dink jy sukkel ons soms daarmee?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 8:21. Hoe kan ons prakties daarop let om ons lewe in te rig met 'n rein hart?**

**Spreuke 10:9. Hoe dink jy lyk 'n lewe vanuit vrees teenoor 'n lewe vanuit vrede en standvastigheid?**

**Spreuke 5:21 en Hebreërs 4:13. Hoe dink jy kan 'n mens jouself daaraan herinner dat God alles sien? Watter invloed dink jy het dit as jy konstant daarvan bewus is?**

**1 Konings 8:39 en Jeremia 17:10. God kan ons hele hart deursoek en sien as iets nie reg is nie. Hoe kan ons die Here vra om dinge vir ons uit te wys wat nie in sy wil is nie?**

**Psalm 119:2 en Markus 12:30. Hoe kan ons meet of ons hele hart daarin is?**

**In die preek is 3 dinge gegee waarna ons moet kyk om te bepaal of iets anders voor God in ons lewe is. Ons moet kyk na: *1) Ons Aktiwiteite; 2) Ons Angs; en 3) Ons Ambisies*. Dink jy daar moet 'n verskil wees hoe hierdie dinge in ons lewe lyk teenoor die lewe van 'n ongelowige? Watter een van hierdie 3 dinge openbaar iets in jou lewe wat aanpassing nodig het? Verduidelik.**

**Op watter manier gaan jy die week *1) jouself HERINNER dat God alles sien; 2) jou motiewe HERSIEN; en 3) jou prioriteite HERBELYN*? Hoe kan jou groep jou daarin help of ondersteun?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**